DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

**20 Junie 2021**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Psalm 73, Romeine 8: 31– 39 |
| **Tema** | Psalm 73: 28 |

Asaf het met 'n probleem geworstel: Waarom kry gelowiges oënskynlik swaarder as ongelowiges? Ps 73 is 'n wysheidspsalm. Daar is twee opvallende temas in Psalm 73: (1) die goddeloses is voorspoedig en dit laat gelowiges wonder waarom hulle nog die moeite doen om reg te leef, en (2) die goddeloses se besittings is só aanloklik, dat die gelowiges in die versoeking is om te wens dat hulle plekke kon ruil. Die twee temas eindig egter albei op 'n verrassende noot: die goddeloses se rykdom gaan nie by die punt wat ons aardse lewe van die ewige lewe skei, verby nie, maar die gelowiges se beloning is tot in ewigheid. Dít wat vroeër na rykdom gelyk het, is dus nou 'n vermorsing en dít wat nutteloos gelyk het, hou vir ewig.

Dit is waarom dit so moeilik is vir ons wanneer dinge verkeerd loop. Ten spyte van Asaf se mooi belydenis (vgl. Ps. 73:1) het hy tot sy ontsteltenis agtergekom dat hy aan dié waarheid begin twyfel het en byna koers verloor het. Hy het byna die waarheid weggegooi en sy rug op die Here gedraai. Koers verloor. Want hy was eerlik genoeg deur die Heilige Gees met homself om te erken dat hy tot sy groot ontsteltenis op die goddeloses en hulle voorspoed jaloers is! Maar dan bedink Asaf homself. Hy kom tot inkeer as hy na sy eie gedagtes en onderlangse gebrom luister en hy besef dié soort taal sal die gelowiges verloën. Hy oordink en bepeins en sien dat hy sy mede gelowiges in die steek gaan laat met die negatiewe gedagtes. En die antwoord op sy lewensraaisel het hom bly ontwyk totdat hy in die tempel ingegaan het en die antwoord by God self gekry het.

En hy bely in v 16 oor hoe moeilik dit was om sin van die lewe te maak. Bitter moeilik sê die digter. Want dit raak sy hele LEWE! Hy kry dieper insig wat hom nugter laat word oor die goddelose se skynbare en groeiende voorspoed in hierdie wêreld? Hy sê God het hom attent gemaak op hulle EINDE. Waar eindig hierdie goddelose? En dan word dit duidelik. Daar is niks om op jaloers te wees nie, want die goddeloses se manier van doen dra reeds die kiem van ondergang in hulle rond. Die digter besef dat hulle paaie glad en gevaarlik is en dat hulle in 'n oogwink oor die afgrond kan stort. En hulle einde is ver van God.

Hulle hele indrukwekkende vertoning in hierdie lewe kom soos 'n droom tot 'n skielike einde as God sy hand toemaak en hulle lewe wegvat en hulle uitvind dat die tweede dood in plaas van die ewige lewe op hulle wag.

So kry Asaf ook perspektief op sy eie optrede. Hy bely dat hy soos 'n redelose dier gedink het. Ons verstaan nie God se pad nie. Die Here is Alomteenwoordig en Alwetend. Hy self lei ons vorentoe sê v 23. Aan die einde van ons lewe sal God ons in eer by Hom neem. Die kern van die antwoord op die raaisel van die lewe en sy regverdigheid is: God self is die antwoord! God self is die antwoord op die raaisel dat goddeloosheid skynbaar lonend is en dat regverdigheid ellende bring.

Hoe kan ons die lyding en swaarkry verbind met die liefde van Christus? Deur te bid. God gee Sy Gees vir die mens wat Hom aanhoudend daarvoor bid en Hom dank. Om dit reg te doen, moet 'n mens die bergpad van geloof loop. Aan die voet van die berg besef jy jou eie onmag. Alleen deur die Heilige Gees wat ons aan Christus bind, kan ons die smal pad vind wat na die lewe lei. Daar moet jy deur die poort van versoening deur Christus gaan (Matt. 7:14). By die eerste rusplek bring die Gees die sekerheid dat jy 'n kind van God is. Op die smal bergpad van die geloof, te midde van struikelblokke en beproewings, is dit 'n geweldige houvas. Jy het 'n Vader wat jou hand teen die steiltes vashou. By die oornagstasie moet jy leer om nie tydelik te dink nie. Leef altyd in die verwagting en hoop op die heerlikheid wat God vir ons as erfgename beskik het. Elke swaarkry is soos 'n venster wat God oopmaak, waardeur ons kan uitsien om die heerlikheid van die môre van die ewigheid te kan belewe. By die aanbreek van die nuwe dag besef jy dat jy met geslote oë die berg kan uitklim as jy onder die oop venster van die gebed leef. Ons begryp nie altyd die plan van God in ons lewe nie, maar dit beteken dat ons nooit teen 'n koue muur ons smart hoef uit te kerm nie. By die muur van ons lyding bring Hy vrede en visie. Daarom kan jy altyd terugkyk na wie jy is wat lewenslank begenadig is. Jy deel vandag in die heerlikheid wat Christus verwerf het. Bo-op die bergkruin sien jy die mooiste toekoms. In Rom 8:31-39 kan ons saam met alle gelowiges sing: As God vir ons is, wie kan dan teen ons wees. Hy gee Sy eie Seun. Ons het reeds die oorwinning van Christus oor die magte van smart en sonde in die beeld van die Romeinse generaal wat van die veldslag af terugkom.

*Christus is die oorwinnaar en ons saam met Hom – ons is erfgename. Wat na 'n groot probleem gelyk het, hoe die aardse lewe rym met die liefde van God, is vir hierdie oorwinnaars geen probleem nie. Ons sing in vreugde: "niks kan ons van Gods liefde skei wat ewig-vas in Christus bly" (Sk 5-4:6 of ou Sk 10: 6).*

*Ons bely saam met Asaf: Ons behoort aan die Here. Nie in die wat nie, maar aan Wie ons behoort, is ons ewige troos. Ons Vader bevestig vandag weer: Jy is myne! In Jesus Christus het Ek konkreet my liefde vir jou gewys. Op geen ander plek as in Jesus Christus sien ons dat die kosmos nie koud en leeg is nie, maar dat dit gevul is met 'n warm Vaderhart wat oorloop van liefde. In die pandemie is dit ons enigste troos en ons sterkte: Ons het 'n Vader wat my aan sy bors vasdruk as Sy kind, wat my sus aan sy Vaderbors. Asaf getuig dat in vreugde en smart, in voor- of teenspoed, dit waar is dat ons hoogste vrede en vreugde is om naby God te wees. Mag jy die troosvolle inwerking van die Heilige Gees ken en ervaar en die nuwe*

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Joey Smit was steeds op 'n ventilator in Mediclinic is. Ons bede is dat die Here haar genadig sal wees.
* Ons bid dat Gerhard Maritz spoedig van sy wonde sal herstel na die operasie afgelope Vrydag. Ons bid dat die Here vir Martie en Johan ook sal vashou in die tyd. Seën vir julle.
* Ons innige simpatie en meelewing met Gideon de Klerk en familie met sy ma wat die afgelope week oorlede is. Ons bid julle die troos en bystand van God die Heilige Gees toe in julle hartseer. Die begrafnis is DV Vrydag in Pretoria.
* Ons bid vir almal wat swaarkry in die pandemie. Mag die Here ons almal bewaar asook insig en wysheid gee om reg op te tree en mekaar veilig te hou. Mag die Here uitkoms gee vir almal wat die virus onderlede het en spoedige beterskap skenk. Seënwense vir almal.
* Ds Sarel was direk blootgestel aan 'n persoon wat positief getoets het vir Covid en moet nou 10 dae isoleer. Die erediens is as gevolg daarvan afgestel. Ek waardeer die boodskappe en die bemoediging wat ek van u ontvang.
* Geen Bybelstudies volgende week nie.

# DIAKONIE

Graag versoek ons lidmate wat **lemoen en groente sakke** het om die ASB by die kerkkantoor in te gee, ons benodig dit om die groente skenkings in te verpak.

Die diakonie wil van hierdie geleentheid gebruik maak om al die lidmate te bedank vir hulle volgehoue ondersteuning gedurende die pandemie, almal se bydraes en muldelike skenkings het die diakonie instaatgestel om hulle taak binne die gemeente sonder onderbreuking te doen.

# KERKRAAD

Ter approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderlinge en diaken:

**Ouderlinge:**
Phillip Van Der Walt

**Diaken:**
Roelof Venter



*GEDAGTE VIR DIE WEEK*

*Ons loof U, o God, ons loof U;*
*U is by ons, u magtige dade moet bekend gemaak word.*
*Psalm 75: 2*



# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 21 Jun | Erika Van Der Walt | 48 | B | 083 990 3585 |
| Wo 23 Jun | Mauritz Venter<br>Janko Venter | 10 | D | 082 444 0336 |
| Sa 26 Jun | Alwina Beyeneveldt<br>Larochelle Du Rand | 27<br>27 | B<br>B | 076 841 3570 |

# BYBELVERSPREIDING

Sieg en Sandra Venter, lidmate van die gemeente wat in Botswana woon, wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om die Kerkraad asook lidmate van die gemeente te bedank vir die ruim skenking vanaf die kerk vir die aankoop van KJV Bybels vir verspreiding in Botswana onder die Tswana bevolking daar.



# KONSISTORIEDIENSBEURTE

**Diensbeurt:** Wyk B3

**Katkisasie:**

**Ouderling: Hendrik Van Der Walt**

**Diaken:** Comin Van Der Walt

# TEESKINKBEURTE

**20 Junie**



**GEEN** koffie of tee sal bedien word na die erediens nie

**27 Junie 2021**


**GEEN** koffie of tee sal bedien word na die erediens nie.


**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 21 Junie | 18:15 | Pastorie | Finanskomm. Verg |
| Woensdae | 19:00 | Pietrsburg-Noord Gemeente | Bybelstudie |
| Sondae na | erediens | Gideon De Klerk | Bybelstudie |


Lidmate moet asb kennis neem dat daar tans **GEEN** Bybelstudie sal wees nie. Bybelstudie sal weer later hervat sodra die inperking dit weer toelaat, hou dus die Basuin dop.


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
FEB
MRT
APR
MEI
R 90 101.00
R 185 229.13
R 89 376.00
R 111 985.41
R 138 076.00
R 165 010.45
R 118 424.20
R 150 962.46
R 120 826.00
R 174 185.34
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
R 36 533.50
R 50 317.40
MRT
R 41 630.70
R 22 141.76
APR
R 23 858.80
R 35 979.75
MEI
R 36 064.00
R 27 227.60
INKOMSTE
UITGAWES


BASAAR
SATERDAG OGGEND
28 AUGUSTUS 2021
08:00
BOERE ONTBYT
Vleis
Pannekoek & koffie
Kerrie & rys
Witolifant
NEEM KENNIS !!!!
TENTATIEWE DATUM
Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat
Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956

# GEMEENTEKAMP



*Chalet Grootte*

1 x DB Bed en 1 Enkel bed R 2 000.00 (4)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed en 3 Enkel bed R 2 500.00 (1)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00 (1)
2 x Enkel Bed R 1 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00
5 x Enkel Bed R 2 500.00 (3)
11 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (5)
10 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (2)

*Karavaan en Kamp plekke*

R 900.00 vir 4 persone /
ekstra persone 'n 2 de staanplek of
R 300.00 p/p

**Vanaf 23 tot 26 Sept by Jabuwoni**

**Voorkom teleurstelling bespreek NOU!!!**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees.*
*Ek het die Here my God gekies as my toevlug!*
*Ek sal van al u werke bly vertel.*

*Psalm 73: 28*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS